# AGENDA

VAN DIE

AGT-EN-VEERTIGSTE VERGADERING

VAN DIE

**SINODE**

VAN DIE

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**
**IN DIE ORANJE-VRYSTAAT**

IN BLOEMFONTEIN

**DINSDAG, 14 SEPTEMBER - VRYDAG, 17 SEPTEMBER 1999**

**Die inhoud van hierdie Agenda is vertroulik. Geen deel daarvan mag gepubliseer word voordat dit nie deur die Sinode behandel is nie.**

# D. BESWAARSKRIF

## DIENSKONTRAKTE TUSSEN BEDIENAARS VAN DIE WOORD EN GEMEENTES/KERKVERBAND

1. Hierdie memorandum is 'n **beswaarskrif** teen die besluite van die Algemene Sinode met betrekking tot dienskontrakte wat diensverhoudinge tussen die gemeente of kerkverband in wie se diens die predikant staan - meer spesifiek die ter saaklike gedeeltes en besluite van Artikels 7, 12, 13 en 60.3 van *Die Kerkorde 1998*. Die *Bestuursgids vir Diensverhoudinge* wat aan elke Kerkraad beskikbaar gestel is, het ook betrekking, omdat dit die praktiese implikasies van die betrokke artikels en besluite bevat. Hierdie beswaarskrif word opgestel op grond van **Bepaling 97 punt 5 en 6** en **Artikel 23.2** van *Die Kerkorde Nederduitse Gereformeerde kerk Oranje-Vrystaat 1995* en op grond van **Artikel 23** en sy toepaslike **Besluite** van *Die Kerkorde 1998 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met reglemente en besluite van kerkregtelike aard soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 1998.*

2. Die **kern van ons beswaar** teen die genoemde artikels en bestuursgids is dat hulle 'n uitgangspunt oor die verhouding tussen die predikant en die gemeente het wat die Skrif, die Belydenisskrifte (vgl veral NGB XXVII-XXXII), Artikel 3 van *Die Kerkorde 1998*, die Formulier vir die bevestiging van leraars en sendelinge, die Klassieke Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord, die Formulier vir die bevestiging van hoogleraars en ander dosente in die teologie en die Legitimasie verklaring/eed, in die gedrang bring. In die Skrif, en in al hierdie gereformeerde dokumente wat gegrond is op die Skrif, word ons geleer dat die predikant nie in diens staan van die gemeente of kerkraad nie. Hy staan in 'n amp te midde van die gemeente, as deel van die gemeente. Hy het die roeping om in hierdie besondere amp te staan van die Here self ontvang. As ons in hierdie geval van werknemer en werkgewer moet praat, dan is die Here die enigste Werkgewer, en die dominee die werknemer. Die dominee word wel deur die kerkraad/gemeente beroep, maar is slegs, so leer die Skrif, die werktuig van God, die eintlike Roeper. Die kerkraad en kerkverband moet toesien dat die dominee in leer en lewe gehoorsaam bly aan die Here en sy Woord. Dit alles sê vir ons dat ons hier met 'n eiesoortige verhouding te make het. 'n Goeie voorbeeld hiervan sien ons in die kerkraad se versorging van hulle dominee. Hy kry nie 'n salaris of 'n loon nie, maar 'n traktement. Die ou beroepsbriewe stel dit op 'n mooi manier. Die kerkraad onderneem om die dominee van aardse bekommernisse te vrywaar deur in sy stoflike behoeftes ter wille van die bediening van die Woord te voorsien. Ons is oortuig dat ons dit alles nou moet prysgee. In die plek van hierdie Skriftuurlike en gereformeerde oortuiging en praktyk, moet ons nou nuwe reëlings aanvaar, wat gebaseer is op geldende landswette en hulle vereistes. Daarmee het die predikant en die gemeente partye geword wat op 'n juridiese basis nou met mekaar kontrakte moet sluit. Hiermee word die unieke verhouding wat Christus vir ons gee, ter syde gestel. Dit beteken dat ons Kerk homself nou as 'n gewone maatskappy of besigheid verstaan. Ons mag nie vergeet nie dat dit die Kerkorde is wat bepaal hoe ons in die praktyk in en met die kerk werk. Die groot hartseer is dat ons nou volgens Artikel 7 oor die verhouding tussen die leraar en die gemeente, sy werk in die gemeente, sy lewenswandel en sy leer, sal moet dink en optree ooreenkomstige billike arbeidspraktyke, dit wil sê, soos die staat se wette dit uitspel. Ons kan nie meer hieroor dink in terme van die Skrif en ons Belydensskrifte nie. Die gevolg is dat die kerk daardie kenmerke wat hom merk as die ware Kerk van Christus, gaan verloor. Ons sal nie meer as die Kerk erken word nie. Ons sal mekaar ook nie meer erken as mense wat onder die gesag van die Woord en die Belydenisskrifte lewe nie (vgl. NGB XXIX).

3. Ons wil graag ons beswaar deur die volgende punte verder boekstaaf.

3.1. Die betrokke artikels, en die Bestuursgids wat daarop gebaseer is, maak nie onderskeid tussen 'n ampsdraer en 'n amptenaar nie. 'n Amptenaar (dws mense soos die skribas, kosters, orreliste, werknemers by kerklike instansies, ens.) werk en funksioneer binne 'n onderhandelbare arbeidsverhouding. 'n Ampsdraer is iemand wat in 'n amp staan (dominee, ouderling, diaken) en funksioneer nie in 'n arbeidsverhouding van werknemer en werkgewer nie. Dit kan nie deur die Wet op Arbeidsverhoudinge bestuur word nie. Die Bybel hanteer nie die amp van die dominee op dieselfde vlak as dié van 'n amptenaar nie. Dit sal beslis lei tot 'n onskriftuurlike en ongereformeerde siening van die amp van leraar. Die gereformeerde beroepsbrief waarin die opdrag en voorwaardes van die Skrif erken en verwoord word, sal dit beter doen en die dienswerk van die predikant beter beskerm – tot heil van die gemeente.

*3.2. Die huidige Wet op Arbeidsverhoudinge dien ongekwalifiseerd as bestuursgids vir die kerk. Daar is ernstige twyfel of hierdie wet vanuit die Bybel getoets is. Ons het al duur lesse in die verlede*

*geleer deur wette klakkeloos oor te neem of te ondersteun, sonder 'n behoorlike toetsing daarvan.*

*3.3. As ons hierdie werksmetode kies, moet ons bereid wees om al die gevolge daarvan te dra. Dieselfde verskynsels waarvoor die genoemde Wet voorsiening maak, sal ook in die kerk kop uitsteek. Predikante sal hulle in vakbonde organiseer, terwyl gemeentes gedwing sal word om werkgewers-organisasies te stig. Geskille sal dan in die Arbeidshof besleg moet word. Teen hierdie wêreldse praktyk waarsku die Here. Hy verbied geskille tussen gelowiges in die burgerlike hof. Liefdelose eise, stakings en konfrontasies is vreemd aan die Here se kerk. Hierdie hele saak speel dus in die hand van 'n ondraaglike spanning tussen leraar en gemeente. Die kerk hoop ook om hiermee beter in die hof te vaar as in die verlede. Ons is van die teendeel oortuig. Die juridisering van die Kerkorde gaan ons beslis nie vrywaar van die burgerlike hof nie, maar juis daaraan blootstel.*

*3.4. Dit is ook nie uitgesluit nie dat daar 'n stryd mag ontstaan oor die samestelling van kerkvergaderings. Dit is byvoorbeeld 'n vraag of "werknemers" steeds die reg sal hê om vergaderings wat bindende besluite neem – ook oor diensvoorwaardes – nog te domineer soos dit tans dit die geval is. Sal die vergaderings nie vergadering van "werkgewers" moet word nie? Ons gereformeerde begrip van die kerkverband is dus per implikasie ook hier in die gedrang.*

3.5. Die besluite dui op nog 'n probleem wat ons nie kan ignoreer nie. Artikel 7 (*Die Kerkorde 1998*) maak daarvoor voorsiening dat die partye (predikant én gemeente) skriftelik sal erken dat hulle ooreenkoms onderhewig is aan die bepalinge van die Kerkorde en die besluite van die Algemene Sinode en die betrokke Sinode soos van tyd tot tyd gewysig (Artikel 7.4 en 7b1 punt 5). Nie een van die partye is dus vry om die ooreenkoms te maak soos hulle wil nie. Hulle is gebind aan 'n hoër gesag wat ook die ooreenkoms te enige tyd kan verander. Dit beteken dat die gemeente en die leraar hulle juridies en onvoorwaardelik verbind aan die besluite en gesag van die Sinodes, en volgens Artikel 23 ook aan die gevolmagtigde kommissies van die Sinodes. Ook dit is ongereformeerd. Hiermee word eerstens gewetensdwang in die Kerk juridies afdwingbaar. Tweedens kry 'n sinodokrasie beslag in die Kerk. Naas die Skrif en Belydenisskrifte, is daar nou nog 'n gesagsinstansie: die Algemene Sinode, sy gevolmagtigde kommissies en hulle besluite. Die mening wat dikwels gehoor word dat die plaaslike gemeente met hierdie nuwe reëlings en kontrakte meer tot sy reg kom, is dus 'n valse argument. Trouens, die NGB VII kom hiermee in die gedrang.

*3.6. Ons is oortuig dat die Algemene Sinode wetlik nie so 'n besluit kon neem nie. Op die keper beskou, raak hierdie besluit wesenlik die regsaanspreeklikheid van gemeente en predikant. Hierdie partye het egter nie self besluit om werkskontrakte onder hierdie voorwaardes op te stel nie. Predikante word glad nie in Sinodes (of enige kerkvergaderings) as werknemers verteenwoordig nie. En, in die Algemene Sinode word gemeentes ook nie verteenwoordig nie. Die besluit is dus in werklikheid sonder die partye geneem, hoewel die partye vir die volle regsimplikasies daarvan moet instaan. Die regte pad sou gewees het as elke kerkraad en predikant hieroor kon besluit en dat die Ringe, Streeksinodes en Algemene Sinode dan hulle besluite hierop kon grond. As almal ingestem het om dit te doen op die manier soos die Kerkorde dit nou stel, sou daar nie 'n wetlike probleem wees nie. Maar, nou is daar. Hier is op 'n sinodokratiese manier bindende besluite met verreikende regs-implikasies vir die plaaslike gemeente en sy leraar geneem. As dit in die hof getoets moet word, sal die Kerk dalk weer aan die verloorkant wees.*

3.7. By die Buitengewone Sinode van die NG Kerk OVS 1998 is duidelike en rigtinggewende besluite geneem in verband met die implikasies van die regspersoon en regsaanspreeklikheid van die plaaslike gemeente, ongeag, so het ons dit gesê, wat die Algemene Sinode besluit. Ons was oortuig dat plaaslike gemeentes (ook as regspersone) tot enige nuwe kerkverband moet toetree en dat hy daarom die besluit moet neem. Die Algemene Sinode waar hy nie verteenwoordig is nie, kan dit nie doen nie. Hierdie standpunt is ook deur die Appélhof in die saak tussen die VGKSA en NGKA (OVS en Phororo) bevestig. Artikel 7 Besluit 7b1 (*Die Kerkorde 1998*) bepaal presies nou die teenoorgestelde. Die aanvaarding hiervan beteken dat ons met ons eie besluite in stryd kom en dit ten minste sal moet herroep.

*3.8. Ons is van mening dat daar nou met hierdie nuwe reëlings 'n kerkbegrip wat uit twee pole bestaan by die NG Kerk ingedra word: aan die een kant die plaaslike gemeente, en aan die ander kant die Algemene Sinode. Dit word bevestig deur die feit dat die Ring, wat nog altyd die diens van die Woord in die plaaslike gemeentes moes help beskerm, in die nuwe bedeling totaal geringskat word. Om 'n enkele voorbeeld te noem: in geval van 'n geskil, of tughandeling sou die predikant hom nie meer op die Ring kan beroep nie, maar wel volgens wet, op die vakbond.*

4. In die lig van die sake hierbo gestel, kan ons nie anders nie as om op grond van die Skrif en ons Belydenisskrifte teen hierdie besluite van die Algemene Sinode ons ernstige beswaar in te bring. Ons het hier met 'n ongeoorloofde sekularisering van ons Kerk te make, wat sy neerslag in 'n afdwingbare juridisering van *Die Kerkorde 1998* het. Ons is dus 'n verantwoording nie net aan mekaar nie, maar ook aan ons Gereformeerde belydenis en getuienis

verskuldig. Ons moet die Dienskontrakte nie hals oor kop implementeer nie. As die dokumente eers geteken is en regsgeldigheid het, kan ons dalk net te laat ontdek dat ons hier 'n bed opgemaak het, waarop ons nie kan slaap nie. Gedane sake het immers geen keer nie. Derhalwe versoek ons die Sinode van die NG Kerk in die OVS om ons beswaarskrif en die sake wat hierin genoem word, deeglik in behandeling te neem. Die Sinode is immers die enigste kerkvergadering waar al die gemeentes, wat direk deur bogenoemde besluite geraak word, teenwoordig is. Indien ons beswaarskrif gehandhaaf word, versoek ons verder dat die Sinode 'n uitgesproke oortuiging moet stel waarin die kerkordelike reëlings oor die verhouding tussen die predikant en die gemeente weer in ooreenstemming met die Skrif, die Belydenisskrifte, Artikel 3 (*Die Kerkorde 1998*) en die toepaslike liturgiese Fomuliere sal wees, sodat ons daaraan as die Kerk van Christus geëien sal word. Hierdie oortuiging kan dan aan die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie gestuur word.

## Geteken:

EJ Bezuidenhoudt, M Bezuidenhoudt, RM Britz VDM, EB Britz, FB Doubell VDM, JA du Plessis VDM, AS Erasmus VDM, LM Erasmus VDM, DJ Hoffmann VDM, B du T Jackson VDM, J Kriel VDM, G Lamprecht VDM, PGP le Roux, MF Rossouw VDM, JS van der Merwe, GA Whitehead VDM, PJ Fourie VDM.